Via Afrika vereer Suid-Afrikaanse skrywers

15 July 2009

Die wenners van die Via Afrika Literêre Pryse is op 'n galadinee in Kampsbaai naby Kaapstad aangekondig. Komediant en radiopersoonlikheid Soli Philander en aktrise en aanbieder Rosie Motene was die gasheer en gasvrou vir die aand en het die gehoor behoorlik vermaak. Media24 se uitvoerende hoof, Francois Groepe, het tjeks ter waarde van R180 000 aan die wenners oorhandig.

Derick van der Walt, a member of the Northern Region of Agricultural Writers SA won the prestigious MER price for youth literature in June. The price was awarded at the Mweb/Via Africa literary award price giving ceremony in Cape Town. His book, *Lien se lankstaanskoene*, also received the Sanlam prize for youth literature in 2008. Van der Walt is the owner of Greenpepper Communication in Pretoria, a company specialising in corporate communication and the production of corporate publications. With him on the photograph is Etienne van Heerden (right), well-known South African author, who received the WA Hofmeyr prize for his book *30 Nagte in Amsterdam* at the occasion. (*Photograph: Naomi Bruwer, Litnet*.)

Die wenners is:

- Etienne van Heerden vir 30 Nagte in Amsterdam (Tafelberg): WA Hofmeyr-prys vir Afrikaanse letterkunde oor alle genres heen
- Tony Leon vir On the Contrary (Jonathan Ball Publishers): gesamentlike wenner van die Recht Malan-prys vir Engelse of Afrikaanse nie-fiksie of nie-literêre werke
- Jonny Steinberg vir Three-Letter Plague (Jonathan Ball Publishers): gesamentlike wenner van die Recht Malan-prys vir Engelse of Afrikaanse nie-fiksie of nie-literêre werke
- Mari Grobler vir Siyolo Se Trui/Siyolo's Jersey, geïllustreer deur Elizabeth Pulles (Tafelberg): MER-prys vir geïllustreerde kinderboeke
- Derick van der Walt vir Lien Se Lankstaanskoene (Tafelberg): MER-prys vir jeugliteratuur
- Michiel Heyns vir Bodies Politic (Jonathan Ball Publishers): Herman Charles Bosman-prys vir Engelse letterkundige skryfwerk en outobiografie
- Karin Cronjé vir Alles Mooi Weer (Genugtig!): Jan Rabie/Rapport-prys vir innoverende Afrikaanse letterkunde